**Sondag 2 Julie**
**Skrifgedeelte: Kolossense 3:5-17**
**Fokusgedeelte: Kolossense 3:9b-10**
**Die mens as beeld van God: Geskep om God waarlik te ken!**

Ons moet erken dat as ons nie ware kennis van God gehad het nie, sou ons nie werklik verstaan het wat dit beteken om na die beeld van God geskape te wees en om te heers soos God wil hê ons moet heers nie. Daarom kan ons sê dat kennis deel is daarvan om na die beeld van God gemaak te wees.

Wanneer ons praat van kennis, is dit nie bloot net ons vermoë om inligting te verwerk nie. Dit gaan hier baie spesifiek oor kennis van Wie God is en die verhouding tussen Hom en die mens. Daarom dat ons in elke mens iets sien van ’n hunkering na God of ’n godheid. Dit is hoekom ons in Romeine 1 – 3 (5 en 6 Julie) hoor dat geen mens kan sê dat hy/sy nie van God weet nie. Die Here God het ’n hunkering na Hom in elkeen van ons geskep.

Hiervan hoor ons iets besonders wanneer ons in Kolossense 3:10 hoor dat ons al hoe meer vernuwe word na die beeld van ons Skepper en tot die volle kennis van God. Dit gebeur wanneer die Heilige Gees die wedergeboorte in ons werk. Sonder die wedergeboorte wat die Heilige Gees in ons werk, kan ons nooit werklik vernuwe word tot die beeld van God nie, en kan ons nie waarlik tot kennis van God kom nie. Met ander woorde, sonder wedergeboorte kan ons nie tot reddende geloof kom nie. Dit hou in dat ons dus nooit weer in ’n regte verhouding met God sal kan staan nie en nooit afgesonder sal wees vir Hom nie.

Dank die Here dat Hy ingryp en op só ’n wonderbaarlike wyse hierdie gedeelte van ons beeld-van-God-wees herskep, sodat ons Hom waarlik kan ken!

*Sing: Skrifberyming 1-1:3, 4*

*Ds. KP Steyn (Karel) (Vredenburg/Saldanha)*